# Die Afrikaner en die demokrasie I: die negentiende eeu

*LEOPOLD EN INGRID SCHOLTZ**

## Inleiding

Die politieke diskoers in die nuwe Suid-Afrika word in groot mate beïnvloed deur die feit dat die Afrikaners – reg of verkeerd – weens hul apartheidsverlede in die beskuldigdebank geplaas word. Die historikus kan nie sonder meer aan dié spel, wat hoofsaaklik deur politici en ander mense met ’n politieke agenda gespeel word, deelneem nie. Laat ’n mens dit as ’n vasstaande feit aanvaar dat die Afrikaners deur die apartheidsbeleid en alles wat daarmee saamhang groot ellende vir hul gekleurde landgenote veroorsaak het en dat die Nasionale Party hom as draer van die Afrikanernasionalisme veral in die sewentiger- en tagtigerjare grootliks aan magsmisbruik skuldig gemaak het. Maar dis nie voldoende om dit hierby te laat nie. Bowenal moet vasgestel word *waarom* die Afrikaners opgetree het soos hulle het – en wat die historiese agtergrond van dit alles was.

Die Franse historikus Marc Bloch skryf dat “there are two ways of being impartial: that of the scholar and that of the judge. They have a common root in their honest submission to the truth.” Maar in ’n stadium, sê hy, slaan elkeen sy eie pad in. “When the scholar has observed and explained, his task is finished. It yet remains for the judge to pass sentence.” Wat die historikus betref, is sake egter nie só eenvoudig nie. “Are we so sure of ourselves and of our age as to divide the company of our forefathers into the just and the damned? How absurd it is, by elevating the entirely relative criteria of one individual, of one party, or one generation to the absolute … If the judgment only followed the explanation, the reader could simply skip it.” Dan volg dié belangrike woorde: “Unfortunately the habit of judgments leads to a loss of taste for explanations. When the passions of the past blend with the prejudices of the

* Leopold Scholtz is adjunkredakteur van *Die Burger* en besoekende professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Ingrid Scholtz, ook historikus, is vryskut-dosent aan die Departement Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Hulle werk tans saam aan ‘n boek met die titel Afrikanerskuld?

*Historia* 47(1), Mei 2002, pp 291-314.

present, human reality is reduced to a picture in black and white." Bloch se gevolgtrekking lui:

> When all is said and done, a single word, 'understanding', is the beacon light of our studies. … It is so easy to denounce. We are never sufficiently understanding. Whoever differs from us – a foreigner or a political adversary – is almost inevitably considered evil. … If history would only renounce its false archangelic airs, it would help us to cure this weakness.[1]

Dit kan nie die doel van dié artikel wees om 'n allesomvattende antwoord op die hierbo gestelde vraag te gee nie. Die doel is om ons toe te spits op één aspek, te wete die denke van die Afrikaners oor die demokrasie in die tyd voor apartheid – dus voor 1948. Ofskoon hul rassedenke hier uiteraard 'n essensiële aspek is, is dit in die historiografie reeds uitvoerig gedek. Dit gaan hier eerder oor 'n aanvullende, verwante ondewerp, te wete hul omgang met die staatkundige teorie van die demokrasie. Daaruit is ten minste 'n deel van die antwoord op die sentrale vraag moontlik.

Die beskouing word in twee aflewerings verdeel, waarvan die eerste oor die negentiende en die tweede oor die eerste helfte van die twintigste eeu handel.

## Die Pioniersomstandighede

Toe Europa sy groot ekspansiedrang na die Nuwe Wêreld in die sestiende en daaropvolgende eeue beleef het, was sy samelewing gekenmerk deur 'n taamlik strenge klassestelsel. 'n Mens se sosiale, ekonomiese en politieke status het grotendeels van sy of haar geboorte afgehang en die moontlikhede om dit deur eie inisiatief te verbeter was taamlik gering.

Dit is egter interessant dat dié klassestelsel maar ten dele na die Nuwe Wêreld oorgedra is. In die meer gevestigde dele soos die Ooskus van Amerika en in en om Kaapstad het dit mettertyd in verswakte vorm teruggekeer, maar in die binnelande met hul pioniersomstandighede is dit byna heeltemal laat vaar. Status wat deur geboorte verkry is, het hier nie getel nie en almal – dit wil natuurlik sê, alle blankes – was basies gelyk. Dit het gegeld vir alle lande waar Europeërs hulle permanent en in groot getalle gevestig het – Amerika, Kanada, Suid-Afrika, Australië, Nieu-Seeland, ensovoorts.

Een van die belangrikste redes hiervoor was waarskynlik die feit dat daar in dié omstandighede nie eintlik verskil was tussen ryk en arm nie - almal was maar min of meer ewe arm. 'n Ander baie belangrike verskynsel was dat die owerheid se gesag maar in beperkte mate oor die gebiede gevestig was. Die gevolg was dat daar nie alleen groot sosiale en ekonomiese gelykheid tussen die pioniers was nie, maar dat

---

1. M. BLOCH, *The historian's craft* (Alfred A. Knopf, New York, 1953), pp. 138-144.

baie van hulle elke vorm van owerheidsgesag en wette as oorbodig en selfs verdrukkend begin beskou het. Hul idee van vryheid was inderwaarheid om vry te wees van alle beperkings van die gesag en die wet.[2]

Hierdie haas anargistiese toestande was ook in die Suid-Afrikaanse binneland aan die orde van die dag en het ’n duidelike invloed op die Afrikaner se politieke denke gehad. Dit sou miskien goed wees om vinnig die begrip *Afrikaner* hier te definieer, aangesien dit in die negentiende eeu nog maar ’n betreklik amorfe begrip was. Dit gaan hier eenvoudig om die blanke Afrikaanssprekendes wat later in die negentiende eeu weens die opkoms van die Afrikanernasionalisme in die Afrikanervolk saamgesmee is. Wil ’n mens immers die wortels van die Afrikanervolk se denke en optrede ondersoek, moet jy gaan kyk na die betreklik amorfe groep mense – Kaapse Afrikaners, binnelandse Afrikaners en ‘Groot Trek’-Afrikaners wat die moderne Afrikanervolk voorafgegaan het.

Enersyds het die vroeë Afrikaners se vryheidstrewe – altans nadat die Groot Trek behoorlik op gang gekom het – ongetwyfeld onder meer staatkundige vryheid omvat. As die Natalse Volksraad in 1841 aan die Britse owerheid vra om erken te word “als een vry en onafhankelyk Staat”,[3] kan dit nie anders vertolk word as vryheid in staatkundige sin nie. Daar is ook heelwat ander dokumente wat dieselfde gees adem.[4]

Aan die ander kant het C.F.J. Muller, wat die oorsake van die Groot Trek deeglik ondersoek het, tot die gevolgtrekking gekom dat uitsprake soos dié eerder ’n gevólg as ’n óórsaak van die Groot Trek was. Hy sê die Voortrekkers het eerder weens hul griewe teen die Britse owerheid – drukkende stoflike laste, gelykstelling tussen blank en swart – as ’n spontane nasionale vryheidsdrang getrek.[5] Trouens, verskillende bronne vermeld die Afrikaners se onwilligheid om militêre diensplig te verrig

2. Vgl. S. M. LIPSET, “The ‘Newness’ of the New Nation in C. Vann Woodward (red.), *A comparative approach to American history* (Voice of America, Washington, 1968), pp. 74-75.
3. H.S. PRETORIUS en D.W.KRÜGER (reds.), Voortrekker-argiefstukke (Staatsdrukker, Pretoria, 1937), p. 117 (Natalse Volksraad – goew. Napier, 14.1.1841.)
4. Vgl. bv. ibid., pp. 60 (Pretorius – Britse bevelvoerder., 20.3.1939), 138-139 (Volksraad – Napier, 11.10.1841), 341 (A.H. Potgieter – sir Harry Smith, 13.11.1840) en 350 (A. Pretorius – *De Zuid-Afrikaan*, 12.1.1849).
5. C.F.J. MULLER, *Die oorsprong van die Groot Trek* (Tafelberg, Kaapstad, 1974), pp. 215-220.

pertinent as een van die oorsake van die Trek.[6] Selfs in 1870 nog het die Kaapstadse dagblad *De Zuid-Afrikaan* hom teen verpligte diensplig uitgespreek.[7]

In die Suid-Afrikaanse binneland het die blankes hulself as mekaar se gelykes geag en geen klassestelsel geken nie. Dié ideaal is duidelik gestel in ’n brief wat die Transvaalse Volksraad in 1851 na Nederland geskryf het: “... elk is vrij, wij ontzien ons niet voor malkander rijk of arm, alles is alkander als mensch gelijk.”[8]

Maar as gelykes wou hulle ook so min moontlik wette oor hulle hê. In 1859 het ’n aantal burgers, van wie die latere pres. Paul Kruger een was, byvoorbeeld in ’n memorie geprotesteer teen die toepassing van die Romeins-Hollandse reg in Transvaal. Die memorialiste het beswaar gemaak teen die “slaavsche wetten ... dewelke onse vryheit te gronde brengen kan”. Die rede vir hul protes was omdat “wy vrye Burgers, Republikkanen, onafhangelyke Boeren zyn, niet gelyk in Holland Classen van menschen”.[9] ’n Ander groep was weer ontevrede oor bepalings in die Transvaalse grondwet van 1858. Dit sou darem ’n bitter saak wees, het hulle gekla, om “onder soo een swaare wet” te leef, en dit terwyl hulle juis ter wille van hul “vrydom” die Kolonie verlaat het. Onder só ’n wet kan die land geen vrye Republiek wees nie, was hul gevoel.[10]

Dit is baie moontlik dat die memorialiste onder ’n misverstand verkeer het, want die betrokke bepalinge en wette was glad nie so streng nie. Kruger het byvoorbeeld later, toe hy in ’n posisie van verantwoordelikheid gekom het, sy houding aansienlik verander. Tog gee dié twee memories ’n insiggewende kykie in die onwilligheid van baie Afrikaners om onder wette as sodanig te leef.

Die begrip vryheid het dus vir minstens sommige Afrikaners, naas politieke onafhanklikheid, hoofsaaklik vryheid van owerheidsgesag en wette beteken. Dwarsdeur hul bestaan moes albei Boererepublieke die grootste moeite doen om hul burgers sover te kry om wette te gehoorsaam wat hulle nie beval het nie en selfs om belasting te betaal. “Geen belastingen is een betooverend woord voor velen,” het die

6. G.S. PRELLER, *Dagboek van Louis Trichardt* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1938), pp. 304-305; G.S. PRELLER, *Piet Retief* (De Volksstem, Pretoria, 1917), pp. 28-29; G.S. PRELLER *Voortrekkermense*, I (herinneringe van J.H. Hatting), (Nasionale Pers, Kaapstad, 1918), p. 114.

7. G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, III (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1974), p. 164.

8. A.N. PELZER, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, *I*: *wordingsjare* (A.A. Balkema, Kaapstad, 1950), p. 50.

9. F.P. SMIT, *Die staatkundige opvattings van Paul Kruger* (J.L. Van Schaik, Pretoria, 1951), p. 35.

10. A.N. PELZER, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, *I*: *wordingsjare*, p. 53.

Nederlander Jacobus Groenendaal in 1854 aan 'n kennis in Nederland geskryf.[11] Die pioniers het hulself as die 'koningstem' van die land beskou en was nie baie geneë om iets te doen wat hulle nie wou nie. "Ik het net zoo veel te zeggen als jy en pertoris [pres. M.W. Pretorius] alby [sic]," het 'n koppige Boer sy landdros in 1858 toegesnou, "en is net zoo een Emigrant, ik is een koning stem."[12]

Geen wonder nie dat buitelandse waarnemers dikwels kritiese opmerkings gemaak het oor die onwil van die Afrikaners om gesag bo hulle te erken en te respekteer. Reeds aan die begin van die negentiende eeu het die Duitse reisiger Henry Lichtenstein ietwat ironies geskryf dat die Boere (wat immers voorgangers van die Afrikaners was) moeilik begryp dat gehoorsaamheid aan gesag net so 'n essensiële deel is van die Christelike geloof as bid en die sing van gesange.[13] Die Nederlandse regsgeleerde H. Jorissen het hom só oor die toestand in Transvaal voor die Britse anneksasie van 1877 uitgelaat: "De Boer woonde op zijn eigen plaats, vrij van alle aanraking met de regeering: een koning op zijn eigen terrein. In zijn rust gestoord en gedwongen om zich met politieke zaken in te laten, waren 't niet de belangen van het land of van den staat, maar die van zijn vrienden, zijne kliek of zijne kerk, die hij ter harte nam."[14]

Dis natuurlik waar dat dié woorde slaan op 'n tydperk waarin die Afrikaners 'n oorlewingstryd teen die natuur en vyandige swart stamme moes veg, waar hulle nie tyd of lus gehad het om soseer by staatsake betrokke te raak nie. Nietemin gee dit iets weer van die Afrikaners se politieke houding.

Jorissen voeg weliswaar daaraan toe dat dié situasie ná die Eerste Anglo-Boereoorlog van 1880-'81 verander het, maar dit is tog opvallend dat die drie Nederlandse militêre attaché's by die Republikeinse magte in 1899-1900 tot 'n byna identiese gevolgtrekking gekom het:

> 't Is de vrijheidsliefde die den Boer als weerman ongeschikt maakt om tevens soldaat te zijn ... Wij meenen ons juist uit te drukken, wanneer we zeggen dat de vrijheidsliefde van den Boer zuiver zijn persoon geldt; en in die richting viel het hem zwaar, zeer zwaar, voor het welzijn van de gemeenschap zich, in welke opzicht ook, te binden.[15]

---

11. G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, III, pp 338 en 340. Vgl. ook A.N. PELZER, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, *I*: *wordingsjare*, pp. 54-55.
12. A.N. PELZER, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, *I*: *wordingsjare*, p. 58.
13. H. LICHTENSTEIN, *Travels in South Africa*, II (Van Riebeeck-vereniging, Kaapstad, 1930), p. 219.
14. H. JORISSEN, *Transvaalsche Herinneringen*, (J.J. de Bussy, Amsterdam, 1897), pp. 21-22.
15. W.L. VON R. SCHOLTZ, "Generaal Christiaan de Wet as Krygsman" (Privaat gepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Rijksuniversiteit van Leiden, 1978), p. 12.

Dit sou verkeerd wees om te veel klem te lê op hierdie aspek van die destydse Afrikaners se ingesteldheid. Hier gaan dit bloot daarom dat die pioniersomstandighede 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van sy politieke denke gelewer het. Die idee van politieke, maatskaplike en ekonomiese gelykheid – al het dit net vir blankes gegeld – en 'n tradisie van verset teen wat hulle aangevoel het as te veel owerheidsgesag sou belangrike boustene vir hul politieke denke word.

**Die patriargale tradisie**

Tegelyk met die haas anargistiese houding wat deur die pioniersomstandighede meegebring is, het 'n grotendeels teenoorgestelde proses ook die Afrikaner se denke help vorm, naamlik sy eerbied vir die gesag van die patriarg. In die Afrikanergemeenskap van die negentiende eeu was die leiersrol van die vader oor sy gesin uiters belangrik: elke kind het dit as 't ware saam met sy moedersmelk van kleins af ingekry. Die patriargale rol het soms ook tot buite die enge familiekring uitgebrei in die sin dat mense na 'n sterk leiersfiguur soos na 'n vader vir leiding opgesien het.

C.F.J. Muller beskryf die proses só:

> Op 'n ingewikkelde wyse het grensgesinne gewoonlik ondertrou en met die groot families wat dikwels langs of naby mekaar gewoon het, het 'n hegte, hoewel eng beperkte, samehorigheidsgevoel ontstaan. As 'n geheel genome, het die 'clans' op die grense opvallend baie gemeenskaplike eienskappe en belange vertoon.[16]

Veral tydens die Groot Trek is die betekenis van dié faktor verder vergroot deurdat die Emigrante hulself ter wille van veiligheid in verskillende trekke, elk onder 'n leier, moes organiseer. In dié sin sou leiers soos Gert Maritz, Andries Hendrik Potgieter, Piet Retief, Andries Pretorius en Piet Uys as politieke patriarge beskou kon word. Elkeen kon min of meer staat maak op die lojaliteit van sy trekgeselskap in die geval van meningsverskille met ander leiers.

Maritz se volgelinge het 'n paar jaar later ná sy dood onder die leiding van J.J. Burger Transvaal toe getrek en daar die super-demokratiese 'Volksraadsparty' gevorm. Vir hulle was die wil van die volk politiek van allesoorheersende belang. Potgieter se mense weer het die voorkeur verleen aan 'n aartsvaderlike bestuur onder die leiding van die patriarg Potgieter self. Dit het aanleiding gegee tot 'n lang en bittere stryd tussen die twee groepe.[17]

Die stryd is nooit werklik deur een van die groepe gewen nie. Bloot wat die formele staatsinrigting van die twee Boererepublieke betref, het die Burgeriete waarskynlik

---

16. C.F.J. MULLER, *Die oorsprong van die Groot Trek*, p. 213.
17. Vgl. hieroor A.N. PELZER, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, *I*: *wordingsjare*, pp. 67 e.v.

hul sin gekry, want in albei grondwette is die soewereiniteit van die stemgeregtigde volk onmiskenbaar erken. Maar in die praktyk het die presidente dikwels opgetree as geëerde aartsvaders na wie die volk – as dit hulle gepas het! – opgesien het vir leiding.

Só het twee min of meer teenoorgestelde inheemse tradisies tegelyk deel geword van die Afrikaner se geestesgoedere. Hierdie feit is belangrik, want dit het beteken dat die potensiaal van sowel ’n demokratiese as ’n outoritêre ontwikkeling by die Afrikaner aanwesig was. Veral in die twintigste eeu sou dit van groot belang word.

## Die Verligting

Die Afrikaner se politieke denke is nie net deur inheemse faktore bepaal nie; denkrigtings uit Europa sou ook ’n rol speel.

Die denkklimaat van die agtiende en vroeë negentiende eeu in Europa is diepgaande beïnvloed deur die Verligting. Dit sou ons te ver voer om uitvoerig oor dié denkrigting uit te wei. ’n Mens kan bloot daarop wys dat regering deur die volk – of liewer deur die volk se verkose verteenwoordigers – en vryheid van tirannie volgens filosowe van die Verligting onvervreembare menseregte was.

Hul ideë oor die soewereiniteit van die stemgeregtigde volk is dan ook beliggaam in die grondwette van byvoorbeeld Amerika (1787), Frankryk ná die revolusie van 1789, en die Bataafse Republiek, soos Nederland bekend gestaan het ná sy verowering deur die revolusionêre Frankryk. Met die uiteindelike Franse nederlaag in 1815 het dié ideë voorlopig uit die Europese grondwette verdwyn, maar nie uit die Europese gees nie. In 1830 het ’n reeks mislukte opstande plaasgevind en in 1848 het die demokratiese ideale van die Verligting in heelparty Europese state eindelik geseëvier toe nóg ’n reeks revolusies wel geslaag het.

Die ideë van die Verligting het hul opwagting vir die eerste keer in die jare sewentig van die agtiende eeu aan die Kaap gemaak toe ’n aantal vooraanstaande burgers, die sogenaamde Kaapse Patriotte, geprotesteer het teen die verdrukkende en korrupte bewind van die VOC waarin hulle nie verteenwoordig was nie. In 1778 het ’n anonieme pamflet die ronde gedoen waarin sterk klem gelê is op die uit die natuur afgeleide vryhede en die soewereiniteit van die volk teenoor die owerheid. Die gees van die Verligting het baie sterk uit die stuk gestraal. By nadere ondersoek blyk dit ’n enigsins geredigeerde heruitgawe te wees van ’n pamflet wat die Nederlander Elie Luzac dertig jaar tevore in sy eie land die lig laat sien het.[18]

Die presiese verloop van die stryd van die Kaapse Patriotte is nie vir ons van belang nie. Feit is dat hulle in hul ander geskrifte ook oorvloedig gebruik gemaak het van begrippe en die retoriek van die Verligting om die willekeur en ondoeltreffendheid

18. C. BEYERS, *Die Kaapse patriotte, 1779-1791* (Juta, Kaapstad, 1929), p. 182.

van die VOC-bewind aan die kaak te stel. So lees ons onder meer van die "natuurlijke en wettig competeerende Burgerlijke Voorregten en Vrijheeden" van die burgers of die "algemeene so natuurlijke als burgerlijke Voorrechten". Die toestand aan die Kaap word beskryf as "Een schandelijke, en voor de Menschelijke Natuure onteerende Slavernije".[19] Natuurlik was dié denke beperk tot 'n taamlik geselekteerde elitegroep. Maar in elke gemeenskap is dit die elite wat invloed uitoefen en ander lei.

Soortgelyke ideë het 'n dekade of wat later, net voor die eerste Britse besetting van die Kaap, ook by die opstandelinge in die distrik Graaff-Reinet uitgeslaan. Toe dié mense die juk van landdros Maynier afgewerp het, het hulle hul voorgeneem om "nimmer meer dezulke verbasterde wetten te gehoorsaamen", maar die situasie "door een algemeene volkstem" te verbeter. Die heemrade en krygsoffisiere wat die leiding geneem het, het dit laat boekstaaf dat hulle optree "uit naam ende weegens de zoogenaamde algemeene volkstem".[20]

Dit alles het hulle afgespeel in 'n tyd toe die Westerse wêreld in staat van groot opwinding was weens die sukses van die Amerikaanse en die Franse Revolusie en die gepaardgaande demokratiese denkbeelde van die Verligting. Dat die gebeure ook invloed aan die Kaap gehad het, word bewys deur 'n opmerking van die reisiger Lichtenstein:

> The separation of the American colonies from the Mother Country had already awakened many wild projects among certain ill-organised heads in the [Cape] colony ... and the subsequent revolutions in France and Holland occasioned an universal ferment all over the colony.[21]

'n Mens moet nie die invloed van die Verligting oorskat nie. Die Kaapse Patriotte en die opstandelinge in die binneland het hulle weliswaar van Verligtingsretoriek bedien, maar nie juis konsekwent daarvolgens opgetree nie. Van demokratiese verkiesings was daar geen sprake nie; die leiers het hulself eenvoudig aangestel en hul vriende gekoöpteer om namens die "volk" op te tree. Hul griewe was ook eerder materieel as geestelik, wat daarop dui dat hulle beslis nog nie as egte demokrate beskou kon word nie.[22] Die mense het dus eerder opgetree in die gees van die pioniersomstandighede en die gepaardgaande afkeer van wette en gesag.

---

19. *Ibid*., p. 156.
20. G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, I (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968), pp. 315-316; J.S. MARAIS, *Maynier and the First Boer Republic* (Maskew Miller, Kaapstad, 1944), pp. 78-79.
21. H. LICHTENSTEIN, *Travels in South Africa*, I, p. 455.
22. A. DU TOIT en H.B GILIOMEE, *Afrikaner political thought – analysis and documents*, I, 1780-1850 (David Philip, Kaapstad, 1983), pp. 231-242.

Die feit dat die Verligtingsideë vir die eerste keer aan die Kaap bekend geword het, is egter al betekenisvol genoeg en daar is talle tekens dat die Afrikaners die ontwikkelinge in die buiteland met belangstelling en selfs instemming dopgehou het.

Gedurende die jare dertig van die negentiende eeu het Kaapse nuusblaaie heelwat berigte en artikels uit Amerikaanse en Britse koerante oorgeneem, onder meer oor die werking van Amerikaanse demokratiese instellings.[23] In 1831, 'n jaar ná die reeks gedeeltelik mislukte Europese revolusies, het *De Zuid-Afrikaan* gesskryf dat net 'n wetgewende liggaam, "een Volksstem, door het volk zelve gekozen" die Kolonie van ondergang kon red. Met verwysing na die gebeure in Europa het die koerant met kennelike instemming vervolg: "Gedenk dat het zoodanige Volksstem is, ter verkrijging waarvan geheel Europa bijna onder de wapenen staat ..."[24]

Ook die Voortrekkerleier Petrus Lafras Uys het aan die vooraand van sy trek na die binneland getoon dat die buitewêreld nie ongemerk aan hom verbygegaan het nie:

> Wij zijn voorneemens onze Volksplanting te vestigen op dezelfde principes van vrijheid als die aangenomen door de Vereenigde Staten van Amerika ...[25]

En in 1840 het die Natalse Volksraad vir die eerste keer 'n volledige kopie van die Amerikaanse grondwet onder oë gekry wat deur Amerikaanse sendelinge geskenk is.[26]

Dit is daarom opvallend dat die eerste twee Voortrekker-'grondwette', dié van 2 Desember 1836 en 6 Junie 1837, voorsiening gemaak het vir die kies van leiers "door eene algemene volkstem" en "door den volkstem".[27] Ook die Natalse grondwet het bepaal dat Volksraadslede "door het Volk bij meerderheid van stemmen" gekies sou word.[28] Daarmee het die destyds nog revolusionêre beginsel van volksoewereiniteit finaal sy beslag by die Afrikaner gekry. En dit het alles gebeur op 'n tydstip toe die groot revolusies van 1789 en daarna weer onderdruk was en Amerika eintlik die enigste Westerse land was waar algemene stemreg en die demokratiese denkbeelde van die Verligting nog stand gehou het!

Hierdie voorbeelde is later in die Transvaalse en die Vrystaatse Republiek nagevolg en ook daar het die Verligtingsideë hulself gemanifesteer. Die Transvaalse grondwet van 1858 is sterk beïnvloed deur die revolusionêre grondwet van die Bataafse

---

23. C.F.J. MULLER, *Die oorsprong van die Groot Trek*, p. 144.

24. G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, II (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1970), p. 169.

25. *Ibid*., p. 293.

26. E.A. WALKER, *The Great Trek* (A. & C. Black, Londen, 1934), p. 216.

27. H.S. PRETORIUS en D.W. KRÜGER (reds.), Voortrekker-argiefstukke, pp. 13 en 15.

28. J.H. BREYTENBACH (red.), *Notule van die Natalse Volksraad*, I, (Staatsdrukker, Pretoria, s.j.) p. 285.

Republiek van 1805,[29] terwyl die Vrystaatse grondwet van 1854 sterk ooreenstem met dié van Amerika (1787), Frankryk (1848) en Nederland (1848).[30]

Die invloed van die Verligting het verder as bloot die formele grondwette van die Republieke gestrek. Reeds in 1838 het Gerrit Maritz getoon dat hy iets van die Franse Revolusie oorgeneem het deur gewag te maak van die "Christelyke grondbeginselen der ware burgerlyke vryheid, gelykheid en broederschap".[31] (Later sal aangedui word dat die Calvinisme en die Verligting in baie opsigte met mekaar gebots het.)

Hul volksoewereiniteit het die Afrikaners verwoord as die volk wat die 'koningstem' het.[32] As Paul Kruger dus op 'n keer in 1897 sê: "Het volk is koning van deze onafhankelijke Republiek en heeft de souvereine macht in zijn handen,"[33] is hy in dié opsig 'n regstreekse intellektuele afstammeling van die Franse Revolusie.[34]

## Die Calvinisme

By baie skrywers tref 'n mens die opvatting aan dat die Calvinisme die Afrikaners se denke – en by implikasie dus ook dié oor die demokrasie – ingrypend beïnvloed het.[35] Dit blyk, op die keper beskou, 'n oordrywing te wees. Dit is nietemin die moeite werd om die saak te ondersoek.

As 'n mens oor die Calvinisme en die demokrasie praat, moet 'n duidelike onderskeid getref word tussen die klassieke Calvinisme van Calvyn en sy onmiddellike opvolgers soos Hotman, Beza en Du Plessis-Mornay enersyds, en die neo-Calvinisme van mense soos Groen van Prinsterer en Abraham Kuyper andersyds. Oor die demokrasie as sodanig het eersgenoemdes niks te sê nie, want

---

29. A. WYPKEMA, *De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek* (J.H. de Bussy, Pretoria, 1939), pp. 317-346.
30. Vgl. G.D. SCHOLTZ, *Die konstitusie en staatsinstellinge van die Oranje-Vrystaat, 1854-1902* (Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1936), pp. 21-27; M.C.E. VAN SCHOOR en J. J. VAN ROOYEN, *Republieke en Republikeine* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1960), pp. 103-106.
31. A. DU TOIT en H.B GILIOMEE, *Afrikaner Political Thought – Analysis and Documents*, I, p. 285 (Maritz – alle Voortrekkers, 1.2.1838).
32. A.N. PELZER, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, *I*: *wordingsjare*, p. 50.
33. F.P. SMIT, *Die staatkundige opvattings van Paul Kruger*, p. 18.
34. Die begrip "koningstem" begrip het al redelik vroeg na vore getree. Vgl. W.B. VAN DER VYVER, J.H. BREYTENBACH en D.C. JOUBERT (reds.), Notule van die Vrystaatse Volksraad, I (Staatsdrukker, Pretoria, s.j.), p. 70 (notule, 5.9.1854), en J.H. BREYTENBACH (red.), Notule van die Transvaalse Volksraad, III, (Staatsdrukker, Pretoria, s.j.) p. 228 (memorie uit Lydenburg, 11.9.1854).
35. Vgl. H. GILIOMEE en H. ADAM, *Afrikanermag, opkoms en toekoms* (UUB, Stellenbosch, 1981), p. 28.

hulle het lank voor die Verligting geleef. Laasgenoemdes weer het in reaksie op die Verligting en die gepaardgaande revolusies heelwat daaroor geskryf.

Hoewel die klassieke Calviniste niks oor die demokrasie as sodanig kon sê nie, het hul staatsfilosofie tog 'n paar elemente bevat wat later enigsins by dié van die demokrasie kon aansluit. So het die klassieke Calviniste mettertyd die beginsel begin verkondig dat onderdane hulle in bepaalde omstandighede lydelik teen 'n onregverdige en goddelose owerheid mag verset.[36]

Die Calviniste wou geen absolute en willekeurige staatsmag gedoog nie, want vir hulle was alle gesag van God afkomstig en dit mog gevolglik nie misbruik word nie. God self was die soewereine mag aan wie verantwoording verskuldig was. Calvyn self het weliswaar geen prinsipiële besware teen 'n monargie gehad nie, maar sy voorkeur het uitgegaan na 'n soort aristokratiese regering in die hande van 'n aantal bekwame en teologies-leerstellig suiwer leiers.[37] Só 'n regering het hy byvoorbeeld in Genève, waar hy hom gevestig het, ingevoer.

Nog 'n aspek van die Calvinistiese staatsbeskouing waarna ons kortliks moet verwys, is die feit dat die kerk 'n onafhanklike krag in die samelewing moes wees. Hy mog nie deur die staat oorheers word nie – trouens, dit was die kerk se plig om deur sy prediking soos 'n suurdeeg te werk om die regeerders te laat besef as hulle strydig met Gods Woord handel.[38] Vandag word van die profetiese taak van die kerk gepraat.

Demokrate in die moderne sin van die woord was die klassieke Calviniste dus nie. Die feit dat die staatsmag na hul mening wel getemper moes word en dat hulle onder uitsonderlike omstandighede die reg op verset erken het, sou egter later deel vorm van 'n tradisie wat taamlik goed aansluiting kon vind by die demokratiese denkbeelde van die Verligting.

Omdat die Afrikaners wat in die negentiende eeu na 'n eie staatsvorm moes soek almal Calviniste was, is dit logies dat hulle iets van die klassieke Calvinisme moes oorgeneem het. Daar is egter geen aanduidings dat hulle byvoorbeeld Calvyn se staatsinrigting in Genève bewustelik probeer navolg het nie, en met twee uitsonderings soek 'n mens eintlik tevergeefs na spesifieke voorbeelde van Calvinistiese invloed op die Afrikaner se politieke denke.

---

36. J.J. STEENKAMP, "Calvin on the 'state' in the Institutes" in *John Calvin's Insitutes – his Magnum Opus* (PU vir CHO, Potchefstroom, 1986), pp. 371-373.

37. Vgl. L.M. DU PLESSIS, "Calvin on State and Politics according to the Institutes" in *ibid*., p. 174.

38. Vgl. H.H. MEETER, *Het Calvinisme: zijn theologische en staatkundige grondgedachten* (J.H. Kok, Kampen, 1957), pp. 126-127.

Die eerste uitsondering is die erkenning van die almag en soewereiniteit van God. Die Voortrekkerleier Piet Retief het byvoorbeeld ná sy verkiesing as 'Goewerneur' van die Trekkers op 'n keer geskryf dat hy sy verkiesing nie soseer aan die keuse van die volk te danke het nie, maar dat hy die hand van God daarin herken.[39] Ook Paul Kruger het die beginsel erken toe hy in 1893 in die Volksraad gepraat het: "Ik sta hier heden voor U, gehoorzamende aan de roepstem des volks, waarin ik ook meen de roepstem Gods te erkennen."[40] Dié uitspraak steun egter maar net ten dele op die klassieke Calvinisme, want dit is 'n poging om die revolusionêre volksoewereiniteit van die Verligting met die Calvinistiese soewereiniteit van God te versoen. Dit gaan waarskynlik terug op die spreuk *Vox Populi vox Dei* ('Die stem van die volk is die stem van God') wat dikwels in die ou Nederlandse republiek gebruik is.[41]

Die tweede is die verhouding tussen kerk en staat in die Republieke. In navolging van die praktyk in die Calvinistiese Nederland, waar daar onder invloed van art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis[42] 'n staatskerk was, het albei Republieke aanvanklik net een kerk van staatsweë erken en materieel ondersteun. In Transvaal het art. 20 van die grondwet van 1858 bepaal dat die Nederduitsch Hervormde Kerk die staatskerk sou wees, terwyl art. 22 van die Vrystaatse grondwet van 1854 in feite dieselfde ten opsigte van die NG Kerk bepaal het. In 1880 is die bepaling in die Vrystaat herroep en in 1886 in Transvaal ook.[43]

Dit blyk dus dat die invloed van die klassieke Calvinisme, hoe groot dit ook al op godsdienstig en teologiese gebied kon wees, redelik beperk was ten opsigte van die politiek.

Wat dan van die neo-Calvinisme, soos dit veral deur Groen van Prinsterer en en Kuyper in die laaste helfte van die negentiende en die vroeë twintigste eeu verkondig is? Die neo-Calviniste het hulle veral heftig verset teen die revolusionêre Verligtingskonsep van volksoewereiniteit wat toe reeds algemeen in Europa aanvaar was. Die politieke party wat Kuyper in Nederland gestig het, het soseer in die teken hiervan gestaan dat dit die Anti-Revolutionaire Partij (ARP) geheet het.

---

39. A. DU TOIT en H.B GILIOMEE, *Afrikaner political thought – analysis and documents*, I, p. 172 (Retief – Griekwakapteins, 18.7.1837).
40. F.P. SMIT, *Die staatkundige opvattings van Paul Kruger*, p. 14.
41. A. WYPKEMA, "Die Volkstemidee in Suid-Afrika" in *Historiese Studies*, 1(1), Julie 1939, pp. 50-53.
42. Dié artikel bepaal o.m. dat dit die staat se taak is om "alle afgodery en valse godsdiens te weer en uit te te roei, en die ryk van die antichris te vernietig".
43. G.D. SCHOLTZ *Die konstitusie en staatsinstellinge van die Oranje-Vrystaat*, *1854-1902*, p. 32; G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, III, p. 194, en IV, pp. 147-148.

Volksoewereiniteit, so het die neo-Calviniste gemeen, stel die mens téénoor God. God word van sy troon verdryf en deur die mens vervang.[44]

In die praktyk het die neo-Calviniste egter nie van die liberale demokrasie afgewyk nie. Kuyper self het as premier van Nederland rondom die eeuwisseling rustig meegedoen aan ’n staatsbestel wat grotendeels deur die Verligting beïnvloed was en waarin die soewereiniteit van die volk dus erken is. Dit kon trouens moeilik anders, want tensy ’n mens ’n teokrasie voorstaan soos dié van Calvyn in Genève, kan die soewereiniteit van God moeilik in die staatstruktuur as sodanig gestalte kry. Die neo-Calviniste het dié praktiese probleem gevolglik probeer oplos deur die denkbeeld van ’n van God afkomstige soewereiniteit wat dan op die volk oorgeplaas is.[45] Sover dit die praktiese staatkunde betref, was dit egter nie meer as ’n blote teoretiese stryd tussen die neo-Calviniste en die liberale aanhangers van die demokrasie nie.

’n Ander element van die neo-Calvinisme wat later van groot nut sou wees in die stryd teen totalitêre ideologieë, was die beginsel van *soewereiniteit in eie kring*. Net soos die politiek-staatkundige kring sy heerskappy en soewereiniteit regstreeks van God aflei, so is daar verskeie ander maatskaplike kringe waar dit eweseer geld. Dit sluit in die persoonlike sfeer deur die soewereiniteit van die menslike gees en individuele talente; die korporatiewe sfeer van die onderwys, gildes, verenigings, ensovoorts; die huislike kring van die gesin en huwelikslewe; en die kerklike outonomie. Dié kringe staan almal regstreeks onder die gesag van God, sonder dat die staat as ’t ware ’n trappie hoër tussen hulle en God staan. Die staat mag hom dus net in enkele hoogs uitsonderlike gevalle in dié kringe inmeng.[46] Dit ly geen twyfel nie dat die soewereiniteit in eie kring ’n enorme bydrae kan lewer tot die verspreiding van mag en dus ook tot die bevordering van die demokrasie.

Maar ook die neo-Calvinisme se rol in die bepaling van die Afrikaner se politieke denke was maar redelik beperk. Die eerste Afrikaner wat ’n neo-Calvinistiese staatkunde bepleit het, was ds. S.J. du Toit. Hy het in die tagtigerjare van die vorige eeu ’n program van beginsels vir die Afrikanerbond in die Kaapkolonie opgestel. Dit was regstreeks gegrond op die program van beginsels wat Kuyper vir die ARP opgestel het. Net drie artikels het in die twee programme van mekaar verskil. Volgens art. 2 van Du Toit se program vind die Afrikanerbond die bron van soewereine gesag alleen in God en nie in die volkswil of in die wet nie. Die beginsel van ’n “wettelooze volkssouvereiniteit” word dus verwerp.[47]

---

44. A. KUYPER, *Het Calvinisme: zes Stone-lezingen* (J.H. Kok, Kampen, 1959), pp. 68-72.
45. *Ibid*., pp. 62-63.
46. *Ibid*., pp. 72-80.
47. D.A. SCHOLTZ, “Ds. S.J. du Toit as Kerkman en Kultuurleier” (D.Th., Stellenbosch, 1977), p. 136.

Du Toit se program is nooit deur die Afrikanerbond aanvaar nie. Die hoofrede daarvoor was die feit dat hy ’n vrye republiek onder ’n eie vlag met net een landstaal, Afrikaans, bepleit het – sake waarvoor die Bond nie te vinde was nie. Du Toit se streng neo-Calvinistiese oortuigings moes die Bond se leier, J.H. (Onze Jan) Hofmeyr, wat die Britse liberale parlementêre stelsel hoog geag het, ook teen die bors gestuit het.[48]

Ná S.J. du Toit se dood was dit sy seun, prof. J.D. Du Toit (Totius), wat meer as enigiemand anders onvermoeid gestry het vir die vestiging van die neo-Calvinistiese beginsels op die staatkundige terrein, maar sy invloed was hoofsaaklik tot die Gereformeerde Kerk beperk. Totius het al in 1905 gekla dat die Christelike staatkundige benadering van die ARP in Nederland so onbekend in Suid-Afrika is.[49]

Dit is geen wonder nie dat die Nederlandse Gereformeerde historikus Gerrit Schutte baie skepties is oor die invloed van die Calvinisme op die Afrikaners se politieke denke en optrede.[50]

Dalk loop ons nou effens op die verhaal vooruit, maar dis nietemin relevant dat die pas gestigte Nasionale Party in 1914 weliswaar in sy program aangeteken het dat die ontwikkeling van die volkslewe “langs Christelik-nasionale weg” gesoek moet word, maar ook dit het na Totius se mening “in die praktyk grotendeels ’n dooie letter gebly”.[51] Bowendien het die NP in 1920 op voorstel van sy hoofleier, genl. J.B.M. Hertzog, besluit om tot die program toe te voeg dat die party “die soewereiniteit van die wil van die volk van die Unie” erken en handhaaf,[52] iets wat die Gereformeerde neo-Calviniste ongetwyfeld kwaai gepla het.

Maar dit was nie al nie. Dit is ook relevant om te vermeld dat die neo-Calvinistiese politieke beginsels nie alleen weinig ingang gevind by die breë Afrikanerpubliek nie; sommige invloedryke neo-Calviniste het later self geswig voor die verleiding van nuwe totalitêre ideologieë wat die land uit Europa binnegedring het. Dit was die fascisme en die nasionaal-sosialisme, waaroor in ’n volgende aflewering meer vertel sal word. Totius self het kompromisloos 'n prinsipieel afwysende standpunt teenoor dié rigtings ingeneem.[53] Ook die Transvaalse Partikuliere Sinode van die Gereformeerde Kerk het die nasionaal-sosialisme onomwonde verwerp deur hom te

48. Vgl. *ibid*., pp. 136-139; T.R.H. DAVENPORT, *The Afrikaner Bond: the history of a South African political party 1880-1911*, (Oxford University Press, Kaapstad, 1966), pp. 51-53.

49. TOTIUS, *Versamelde werke*, VII, (Tafelberg, Kaapstad, 1977), pp. 24-26 (“Die Kuyperministerie”, 1.8.1905).

50. G.J. SCHUTTE, *Nederland en de Afrikaners: adhesie en aversie* (Wever, Franeker, 1986), pp.188-194.

51. TOTIUS, *Versamelde werke*, VII, p. 9 (toespraak, 19.12.1941).

52. *Die Hertzog-toesprake*, IV, p. 174 (in Bloemfontein, 19.10.1920).

53. TOTIUS, *Versamelde werke*, VII, pp. 3-11 (toespraak, 19.12.1941).

beroep op die soewereiniteit van die verskillende maatskaplike kringe.[54] Verteenwoordigers van die NG en die Hervormde Kerk het hulle ook teen die vreemde ideologie uitgespreek, maar hul besware was nie so suiwer Calvinisties gefundeer as dié van die Gereformeerdes nie.[55]

Nie alle Calviniste was egter ewe prinsipieel nie. Die Calvinistiese Federasie het byvoorbeeld in 1938 voorgestel dat die partywese van sy vernaamste euwels gesuiwer moes word deur dit aan te vul met 'n "gesonde beroepsverteenwoordiging" ter wille van deskundige advies by die wetgewing en administrasie van die land[56], 'n idee wat regstreeks uit die Italiaanse Fascisme oorgeneem is.

Ten tyde van die groot stryd tussen die NP aan die een kant en die Nuwe Orde en die Ossewa-Brandwag – albei diep deur die fascisme en die nasionaal-sosialisme beïnvloed – was dit veral Potchefstroomse Calvinistiese denkers wat 'n geleentheidshuwelik met dié totalitêre ideologieë wou aangaan. Mense soos proff. Hendrik Stoker en Wickus du Plessis het dit beklemtoon dat hulle in die liberalisme 'n groter vyand as in die nasionaal-sosialisme gesien het. Selfs die soewereiniteit in eie kring, een van die kernelemente van die neo-Calvinisme, is deur hierdie mense prysgegee met die doel om die 'totalitarisme' op 'n positiewe wyse 'reg te stel'. Daarom wou hulle, soos Stoker dit gestel het, "in doen en late skyn-Nasionaal-Sosialiste word".[57]

Daar kan dus geen ander gevolgtrekking wees nie: Ofskoon die Calvinisme as sodanig wel 'n rol gespeel het in die vorming van die Afrikaner se denke oor die demokrasie en die politiek, was die rol redelik beperk.

## Die situasie in Transvaal

In die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner het sy ervarings in die twee Boererepublieke 'n kardinale rol gespeel. Dit was immers die eerste keer dat hy die geleentheid gehad het om sy staatsdenke in die praktyk toe te pas en daardeur te leer. 'n Mens vind daarom dat talle van die kenmerke van die Afrikaner se moderne denkbeelde oor die politiek in die algemeen en die demokrasie in die besonder reeds hier beslag gekry het. Van die sentrale aspekte daarvan wat in die twintigste eeu 'n belangrike rol sou speel, was die kwessies van volksoewereiniteit, parlementêre

---

54. *Die Transvaler*, 28.1.1941 (verklaring van die Sinode).
55. Vgl. *Die Kerkbode*, 26.3.1941; *Die Transvaler*, 12.3.1940.
56. *Die Transvaler*, 29.6.1938 (verklaring van die Calvinistiese Federasie).
57. Vgl. bv. H.G. STOKER, *Die stryd om die ordes* (Calvyn-Jubileum-Boekefonds, Pretoria, 1941), p. 272; H.G. STOKER, "Calvinistiese Dinamiek" in *Koers*, 10(3), Des. 1942, pp. 87-89); L.J. DU PLESSIS, "Die Calvinisme in sy Aktualiteit Gehandhaaf" in *Koers*, 11(6), Junie 1944, pp. 185-194.

soewereiniteit en die meerderheidswil. Dit sal dus die moeite loon om die Afrikaner se hantering van dié sake in die republikeinse era van nader te bekyk.

In die politieke ideologie van die Republieke was die volk die 'koningstem'. In dié verband was die volkswil of die wil van die meerderheid vir die Republikeine van deurslaggewende belang. Soos Paul Kruger dit in 1882 gestel het, dit was 'n deel van die vryheid dat die minderheid hom aan die meerderheid moes onderwerp. Anders word dit "revolutie, schending van het heilig recht en van de Koningstem, en is dus een overtreding, niet tegen den verkozen persoon, maar tegen het Souverein gezag bij de Wet vastgesteld". Volgens F.P. Smit het pres. Kruger se beskouings later onder invloed van die instroming van duisende Uitlanders ietwat van 'n klemverskuiwing ondergaan. Aanvanklik was die 'Koningstem' bloot 'het volk'; later het dit die méérderheid van die volk geword en nog later die meerderheid van die stemgeregtigde burgers.[58]

'n Abstrakte meerderheidswil was dit ewenwel nie. Reeds van vroeg af het die twee Volksrade vir hulself 'n baie besondere posisie toegeëien. Toe die Vrystaatse Volksraad in 1854 'n brief behandel met die vraag "of het publiek de Koningstem heeft, ja of neen," was die antwoord onomwonde dat "het publiek de 'koning' is, maar dat de H[oog] Ed[ele] Raad deszelfs representeerd."[59] Weliswaar moes die Volksraad homself elke paar jaar aan verkiesings onderwerp, maar tussendeur het hulle hul magte met hand en tand verdedig.

Feit is dat die leer van parlementêre soewereiniteit in Transvaal tot die absurde deurgedryf is. Die Transvaalse grondwet, wat opgestel is deur die Nederlander Jacobus Stuart, was uit staatsregtelike oogpunt geen goeie grondwet nie. Dit was op heelparty punte verward en het te veel irrelevante bepalings bevat.[60] Die volk as koningstem of as soewerein was weliswaar 'n belangrike aspek van die politieke teorie, maar dit het geen regskrag gehad nie. Art. 12 van die grondwet het gelui: "Het volk geeft de wetgeving in handen van eenen Volksraad, het hoogste gezag des lands ..." En art. 29 (art. 26 in die hersiene grondwet van 1889): "De Volksraad zal het hoogste gezag des lands zijn, en de wetgevende Magt." Daarmee het die volk regtens afstand gedoen van sy soewereiniteit ten gunste van die Volksraad. Laasgenoemde had dus twee bevoegdhede, naamlik om die hoogste gesag in die land en daarnaas ook nog die wetgewende gesag te wees.

Dat die Volksraad dus staatsregtelik soewerein was, staan bo alle twyfel vas. Dit beteken dat hy die bevoegdheid gehad het om wette na goeddunke te maak, te wysig en te herroep.

---

58. F.P. SMIT, *Die staatkundige opvattings van Paul Kruger*, pp. 38 en 22-24.
59. OVS, Notule van die Vrystaatse Volksraad*,* I, p. 70, 5.9.1854.
60. Vgl. G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, III, p. 184.

In die meeste lande is daar voorgeskrewe prosedures wat ’n wetgewende gesag moet volg om wette te maak, te verander of te herroep, en ook die Transvaalse grondwet het enkele bepalings daaroor bevat. As ’n mens artikels 12, 39, 43, 62 en 63 van die 1889-grondwet saamlees, kom dit op die volgende neer: Alle wetsontwerpe moet minstens drie maande voor die indiening daarvan by die Volksraad in die Staatskoerant gepubliseer word sodat die kiesers daarvan kennis kan neem en, as hulle wil, by wyse van memorie daarop reageer. Slegs waar die Staatspresident ’n wetsontwerp as só dringend beskou dat dit geen uitstel kan gedoog nie, kan dit onmiddellik ingedien word. Alle handelinge van die Raad geskied deur ’n volstrekte meerderheid (aanvanklik ’n driekwart-meerderheid).

Tot sover was alles nog in orde. Maar ’n jaar ná die totstandkoming van die grondwet op 19 September 1859 het die Volksraad ’n wetsontwerp goedgekeur wat enorme staatsregtelike probleme sou veroorsaak. Elke hof, so het die Raad verordineer, “zal alle Volksraadsbesluiten als Wet eerbiedigen”. Tewens is bepaal dat die hof hom nie mag uitspreek oor “wat door den Volksraad is beslist of goedgekeurd” nie.[61] In 1890 is dit opnuut bevestig deur ’n artikel (nr. 32) in die wet wat ’n Tweede Volksraad in die lewe geroep het: “De wettelijke kracht van een wet of een besluit door den Staatspresident in de Staatscourant gepubliceerd, mag niet worden betwist, behoudens het recht van het volk om memories daaromtrent te maken.” Dié artikel is in 1896 ook in die grondwet opgeneem.[62]

Dat die regbank hom nie mag uitspreek oor die geldigheid van ’n wet nie, is ’n normale saak in lande waar die parlement soewerein is, en dit was ook tot met die aanvaarding van die Oorgangsgrondwet van 1993 die geval in Suid-Afrika. Maar dié twee bepalings het nog veel verder gegaan: dit het aan blote Volksraads*besluite* dieselfde regskrag toegeken as aan behoorlik aangenome *wette*. As soewereine liggaam het die Volksraad seker die rég gehad om so iets te doen, maar daardeur is wel ’n staatsregtelik uiters problematiese situasie geskep.

Die 1859-wet het volkome korrek bepaal dat wanneer verskillende besluite oor dieselfde saak geneem is, die laaste besluit geldig sou wees. Maar dit het beteken dat behoorlik aangenome wette wat nog steeds op die wetboek gestaan het, ongeldig kon wees sonder dat hulle formeel gewysig of herroep is, bloot omdat die Volksraad moontlik later ’n gewone besluit geneem wat daarteen ingedruis het. Dit het die absurde situasie geskep dat die prosedurebeperkings wat die grondwet, soos hierbo genoem, bepaal het, geldig vir die aanneem van wette was, maar nie vir besluite met presies dieselfde regskrag nie. Dit het ook beteken dat die grondwet stilswyend gewysig kon word deur ’n gewone besluit sonder dat dit formeel verander is, want

61. ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK (ZAR), Locale Wetten der ZAR, p. 80.

62. P.R. BOTHA, *Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds* (Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1926), pp. 51-52.

die grondwet was immers ook 'n wet. Transvaal het dus 'n grondwet op die wetboek gehad waarvan dit uiters moeilik was, so nie onmoontlik nie, om vas te stel welke gedeeltes steeds geldig was. En ten slotte het dit beteken dat die Volksraad, bloot deur homself deur 'n besluit *ad hoc* daartoe te magtig, na willekeur op die gebied van die uitvoerende en die regterlike gesag kon oortree, iets wat hy wel soms gedoen het.

In elke land waar die parlementêre soewereiniteit geld, het die parlement in teorie die reg om te doen presies wat hy wil, ook om soos die Transvaalse Volksraad op te tree. Maar ter wille van die goeie orde maak parlemente nêrens ten volle van hul teoreties onbeperkte magte gebruik nie. Net in Transvaal het die Volksraad sy soewereiniteit op so 'n ongebreidelde manier gebruik. Dit was niks minder nie as 'n staatsregtelike nagmerrie.

Hoe groot die magte was wat die Volksraad vir homself toegeëien het, blyk byvoorbeeld uit 'n opmerking van pres. Kruger in die Raad in 1887: "Als de Volksraad morgen besluit iemand te onthoofden, dan moge zulks onwettig genoemd worden, doch het moet geschieden."[63] En tien jaar later het die Staatsprokureur, dr. Herman Coster, die regsposisie baie suiwer saamgevat toe hy in 'n debat in die Volksraad gesê het hy vind dit self "zeer onwenschelijk" dat wette deur gewone Volksraadsbesluite verander kon word, maar dit verander niks aan die feitelike posisie nie:

> Zoodra de Volksraad gesproken heeft, zoodra hij zijn wil duidelijk heeft kenbaar gemaakt, moet deze worden geëerbiedigt ... Het ligt aan den Volksraad om zijne macht op een goede en een verkeerde manier te gebruiken, maar wanneer de Volksraad eens gezegd heeft, ik wil dit of dat, dan is het klaar en kan alleen het Volk zeggen, ik wil de leden niet meer in den Volksraad hebben als mijn vertegenwoordigers ....[64]

Die chaotiese manier waarop die Raad met wette en besluite omgespring het, het in 1897 gelei tot 'n skerp botsing tussen die wetgewende en die regterlike gesag.[65] Die presiese besonderhede van die vier hofsake waarin die kwessie beredeneer is, is nie vir ons doeleindes van belang nie. Die staatsregtelike implikasies het basies gedraai

---

63. G.D. SCHOLTZ *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* IV (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1977, p, 152.

64. ZAR, Notule van die Transvaalse Volksraad, 1897, p. 80, art. 4344, 24.2.1897 (komiteestadium, wetsontwerp insake die ontslag van regters.

65. Die meeste primêre bronne oor dié kwessie is gepubliseer in die *Transvaalse Groenboek* nr. 1 van 1898. Vgl. verder P.R. BOTHA, *Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds*, pp. 36-94; D.W.KRÜGER, *Paul Kruger*, II, (Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1963)pp. 196-212; G.D. SCHOLTZ, *Ontwikkeling van die Politieke Denke*, IV, pp. 150-155; J.S. MARAIS, *The fall of Kruger's republic* (Clarendon, Oxford, 1961), pp. 140-143; E.A. WALKER, *Lord De Villiers and his times* (Londen, Constable, 1925), pp. 287-304.

om die vraag of die grondwet ’n gewone wet was en of hy ’n spesiale, verhewe regstatus gehad het; of Volksraadsbesluite – selfs al druis hulle teen die grondwet in – dieselfde regskrag as wette gehad het; en of die Hooggeregshof die reg gehad het om wette wat teen die grondwet indruis ongeldig te verklaar.

In sy eerste twee uitsprake in 1884 en 1887 het die destydse hoofregter, sir John Kotze, die standpunt gehandhaaf dat die regbank nie wette aan die grondwet mog toets nie en dat gewone besluite dieselfde regskrag as wette en as die grondwet gehad het. In twee latere uitsprake, in 1895 en 1897, het hy egter van standpunt verander en tot die teenoorgestelde gevolgtrekking gekom.

In die lig van die uiteensetting hierbo oor die staatsregtelike warboel in Transvaal kan ’n mens simpatie hê met Kotze se frustrasie oor die saak, maar dit verander niks daaraan dat sy laaste twee uitsprake verkeerd was nie. Soos sommige teenstanders van sy siening gesê het, selfs die skepping van die pos van hoofregter het geskied deur ’n gewone Volksraadsbesluit, sonder dat die 1868-grondwet (wat bloot voorsiening gemaak het vir “Landdrosten, Heemraden en Gezworenen”) voor sy aanstelling gewysig is. Sy eie aanstelling in 1876 was dus, ironies genoeg, volgens sy eie redenasie ongrondwetlik en dus ongeldig. ’n Mens kan jou ook indink welke chaos dit sou veroorsaak het indien alle Volksraadsbesluite en wette wat volgens die oordeel van Kotze teen die grondwet ingedruis het, opeens ongeldig sou blyk.

Op die ou einde het Kotze die stryd verloor. Omdat hy nie wou kopgee nie, het die Volksraad begin 1897 ’n behoorlike wet aangeneem om homself te magtig om regters in bepaalde omstandighede te ontslaan en toe Kotze se diens beëindig.

Feit is dus dat die parlementêre soewereiniteitsleer in die ZAR *ad absurdum* deurgevoer is. Dit sou later aansluit by die parlementêre soewereiniteit wat kragtens die Britse Westminster-stelsel in die Unie van Suid-Afrika ingevoer is, wat op sy beurt ’n belangrike staatsregtelike instrument in die latere totstandkoming van apartheid en die twintigste-eeuse Afrikaners se algemene politieke ideologie sou word.

## Die situasie in die Vrystaat

Totaal anders was die situasie in die Vrystaat. Die Vrystaatse grondwet, wat deur die Nederlander Jacobus Groenendaal opgestel is,[66] was uit staatsregtelike oogpunt ’n uitstekende dokument. Dit het van die Volksraad net die “hoogste *wetgevende* gezag” (art. 5; eie kursivering) gemaak, nie die hoogste gesag *sonder meer* nie. Die Volksraad, net soos die uitvoerende en die regterlike gesag, het sy bevoegdhede aan die grondwet ontleen was dus nie soewerein nie. Bo die Volksraad en die grondwet het die volk self gestaan wat, soos straks aangedui sal word, die eintlike

66. G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, III, p. 184.

soewereiniteit in die land was. Bowendien kon die grondwet nie sommer deur die willekeurige grille en nukke van ’n wispelturige Volksraad verander word soos dit hom gepas het nie. Dit was ’n onbuigsame grondwet en kon net gewysig word deur ’n driekwart-meerderheid in drie agtereenvolgende sittings (later twee).

Die Vrystaatse grondwet het voorts die vir Suid-Afrika unieke eienskap gehad dat dit ’n akte van menseregte bevat het, al was dit enigsins primitief en swak ontwikkel. So het artikel 20 die reg op vrye vergadering en petisie aan die Volksraad gewaarborg. Die wet was vir almal gelyk (nogal sonder verwysing na ras of kleur – artikel 58), en eiendomsreg (artikel 60), persoonlike vryheid (artikel 61) en persvryheid (artikel 62) is gewaarborg, “mits blijvende binnen de Wet”.

Die hoë status van die grondwet, en gevolglik ook van die demokratiese waarborge daarin, is in 1885 bevestig toe die Hooggeregshof die reg verkry het om die geldigheid van wette aan die grondwet te toets, iets wat sover bekend net twee keer gebeur het.[67] ’n Mens kan dus eintlik nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die Vrystaatse staatsreg – as ’n mens buite rekening laat dat dit grotendeels net vir blankes bedoel was – ’n verantwoordelike en volwasse demokratiese grondslag vir die staat geskep het, ’n voorbeeld uit die Afrikaner se eie verlede wat in die twintigste eeu nie nagevolg is nie.

’n Deel van die verklaring vir die verskil tussen Transvaal en die Vrystaat moet waarskynlik gesoek word in die historiese omstandighede, in die feit dat Transvaal regdeur sy bestaan taamlik onstabiel was – voortdurende rusies (wat in 1858 amper op ’n burgeroorlog uitgeloop het), die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 en die toestroming van die Uitlanders, ensovoorts – terwyl die Vrystaat ’n stabiele modelstaat was.

Die Vrystaatse stabiliteit het ewenwel nie beteken dat ál die Vrystaatse politici met hul Transvaalse kollegas verskil het nie. Twee keer het die Vrystaatse Volksraad sy soewereiniteit, al was dit by implikasie, probeer gevestig kry. In 1890 en 1891 wou die Volksraad homself magtig (eers deur ’n verandering in die reglement van orde en toe deur ’n wetsontwerp) om mense te straf wat sy privileges aantas, oftewel wat hulle minder gunstig oor die Raad uitlaat. Die Raad sou self besluit oor wat skending van sy privileges presies was, en daarby wou hy homself magtig om oortreders aan te hou en te verhoor, uitspraak te lewer en ook te straf.[68]

Uit die debatte het geblyk dat baie lede vas oortuig was van die Raad se soewereiniteit en dat hy basies kon doen wat hy wou. So het J.G. Fraser byvoorbeeld volgens die opsomming in die notule tydens die behandeling van die wetsontwerp gesê:

---

67. Vgl. G.D. SCHOLTZ *Konstitusie en Staatsinstellings van die OVS*, pp. 98 en 172.
68. OVS, Vrystaatse Volksraadsnotule, 21.5.1890, 18.6.1890, 30.6.1890, 5-8.6.1891.

> Men beoordeelt de wet verschillend; hij ziet niet in dat de vrijheid om den Volksraad te beleedigen een recht van het volk is, en daar moet men voor waken. De Volksraad heeft de souvereine en onbeperkte macht onder de Constitutie en 't zoude ongerijmd en dwaas zijn indien de Raad zich niet kon beschermen in zijn privilegien ....[69]

Die politici het egter heftige teenstand van die regbank gekry, aangesien die beoogde maatreël 'n oortreding van die wetgewende gesag op die terrein van die regterlike gesag was, sonder dat dit behoorlik gemagtig is deur 'n wysiging van die grondwet. Hoofregter Melius de Villiers het self 'n brief aan die Volksraad geskryf waarin hy verduidelik het dat die parlementêre soewereiniteit waarop sommige lede hulle beroep het, wel in die Engelse staatsreg bestaan het, maar nie in dié van die Vrystaat nie. Hy het daarop gewys dat die Raad alleen die privileges het wat die grondwet aan hom verleen en niks meer nie. Ook ander regters het hulle in toesprake teen die voorgenome maatreël verset. Teen dié gesamentlike aanslag was die Volksraad nie bestand nie en die wetsontwerp is verwerp.[70]

'n Paar jaar later het die Volksraad opnuut 'n soortgelyke poging aangewend, maar sy taktiek gewysig. 'n Sekere Gibson wat hom minagtend oor die Volksraad uitgelaat het, is in 1898 voor die Hooggeregshof aangekla van majesteitskennis. Maar weer het die Raad hom teen die regbank vasgeloop. In sy uitspraak het regter J.B.M. Hertzog – die latere Boeregeneraal en eerste minister van die Unie – tot die gevolgtrekking gekom dat die Volksraad nie oor majesteit beskik het nie. Bo die *wetgewende* gesag, het Hertzog bevind, staan die *grondwetgewende* gesag, die volk. Alleen die volk is soewerein en net hy kon aanspraak maak op majesteit.[71]

Maar as die politici dan nie hul magte kon vergróót nie, dan sou hulle noulettend toesien dat dit ook nie vermínder word nie. Nie lank ná sy verkiesing as staatshoof begin 1896 nie het pres. M.T. Steyn 'n wetsontwerp by die Volksraad ingedien om die soewereiniteit van die volk meer praktiese beslag te gee deur referendums by grondwetwysigings en die behandeling van sekere wette verpligtend te stel. Hiervan wou die wetgewers niks weet nie. Die een ekskuus wat soos 'n refrein deur die drie dae lange debat weerklink het, was dat die volk nie vir so iets ryp was nie. E.N. Grobler het hom byvoorbeeld só daaroor uitgelaat: "Het volk is nog niet rijp genoeg om grondig te oordeelen over ingewikkelde onderwerpen ... Hij erkent dat de volksstem de koningsstem moet zijn, maar in dezen Staat werd het volk in alle belangrijke onderwerpen nog steeds geraadpleegd." En dan, baie insiggewend: "De volksstem is in den Volksraad geconcentreerd."[72] Die politieke ideologie van die

69. Ibid., 8.6.1898, p. 383.

70. G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* IV, pp. 142-144; Vrystaatse Volksraadsnotule, 9.6.1891.

71. G.D. SCHOLTZ *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, IV, p. 144.

72. OVS, Vrystaatse Volksraadsnotule, 16.6.1896, p. 712-713.

Republikeinse Afrikaners het dus sedert hul vertrek uit die Kaapkolonie na die binneland ’n belangrike klemverskuiwing ondergaan. Die praktiese volksoewereiniteit wat soos in die Griekeland van ouds in die Voortrekkers se volksvergaderings bedryf is, het allengs plek gemaak vir ’n magskonsentrasie in die hande van die politici in die Volksrade. Dat die volk die geleentheid moes kry om hom elke paar jaar deur vrye verkiesings te laat geld, is nooit betwis nie. Maar was die Volksraadslede eenmaal gekies, het hulle die indruk gewek dat hulle vir hulself volmag vir die duur van hul termyne toegeëien het om te doen en te laat wat hulle wou.

## Die Kaapkolonie

In teenstelling tot die noordelike Afrikaners, wat moes soek en tas na ’n eie model, het dié in die Kaap ’n klaargemaakte een – sy dit ’n vreemde een – tot hul beskikking gehad, te wete die Britse demokratiese model. Ter verkryging van verteenwoordigende bestuur het *De Zuid-Afrikaan* in 1850 verwys na egte vryheid waarsonder die lewe geen waarde het nie, en wat elke Brit dus as sy geboortereg beskou. Op grond hiervan het die blad gesê dat die Britse Ryk maar pas op die vryheidsreg begin aandring. Die algemene kreet in die kolonies is dat die inwoners geen slawe is, maar dat hulle aanspraak maak op dieselfde edele instellings as waarop die moederland tereg spog.[73] En toe hy ’n paar maande later ’n soortgelyke pleidooi in die Kaapse Wetgewende Vergadering hou, het adv. Christoffel Brand die Afrikaners se eise vergelyk met dié van die Middeleeuse Britse adel toe hulle die *Bill of Rights* voortgebring het.[74]

Nietemin, was die Republikeinse Afrikaners in groot mate regstreeks en onregstreeks beïnvloed deur die revolusionêr-demokratiese beginsels van die Verligting; die Kaapse Afrikaners het daardie selfde beginsels met groot beslistheid verwerp. Vir hulle was begrippe soos gelykheid en algemene stemreg sonder meer onaanvaarbaar.

“Is er een conservatief, een aristocratisch ras ter wereld, de Hollandsche koloniale Afrikaanders zijn het,” het *De Zuid-Afrikaan* hom in 1878 ontboesem. “Geen republikeinsche ‘vrijheid, gelijkheid en broederschap’ voor hen.” As die Kaapse Afrikaners ooit ’n republiek sou stig, het dié lojale, monargistiese blad geskryf, sou dit wees na die voorbeeld van die “Zuidelijke aristocraten der Amerikaansche Staten”.[75] En in 1895 het ’n Kaapse korrespondent van die Vrystaatse blad *De*

---

73. A. DU TOIT en H.B GILIOMEE, *Afrikaner Political Thought – Analysis and Documents*, I, p. 292 (hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan*, 21.2.1850).

74. *Ibid*., p. 293 (Toespraak van Brand in die Wetgewende Vergadering, 28.9.1850).

75. G.D. SCHOLTZ *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, IV, p. 323.

*Express* sy minagting gelug oor die "walgelijke denkbeelden der negentiende eeuw over menschenrechten en gelijkheid".[76]

En tog is die teenstelling tussen die Kaapse en die Republikeinse Afrikaners maar skynbaar. 'n Mens hoef maar net te kyk hoe die Kapenaars met oorgawe meegedoen het aan die stryd ter verkryging van verteenwoordigende en later verantwoordelike bestuur in 1854 en 1872 respektiewelik, stelsels wat die demokrasie en menseregte in mindere of meerdere mate wel deeglik beskerm het.

Die verskil is natuurlik dat stemreg vir swartes en bruines in die Noorde byna geen debatspunt was nie en in die Kaapkolonie wel. In die noorde het gekleurdes geen stemreg gehad nie; in die Kaap is dit toegeken aan elkeen wat aan bepaalde beskawings- of eiendomskwalifikasies voldoen het, ongeag ras of kleur.

Dit was nie dat die Kaapse Afrikaners soseer ten gunste van 'n eksklusief blanke stemreg was nie; hulle het byvoorbeeld min besware teen stemreg vir bruinmense gehad. Ras as onderskeidingsfaktor het ongetwyfeld ook 'n rol gespeel, maar klas of beskawingspeil was minstens net so belangrik. Dus het hulle hul beywer vir strenger kwalifikasies vir die stemreg.[77]

*De Zuid-Afrikaan* het die kwessie in 1880 kernagtig opgesom. Dit is 'n skande, het die koerant geskryf, dat "praktisch elke stinkende Mozambieker of kale Bosjesman of met roode klei besmeerde Kaffer" net soveel seggenskap het by parlementêre verkiesings as iemand "van de allerbeschaafdste opvoeding" of die eienaar van duisende morge grond of baie geld in die bank.[78]

Die Kaapse Afrikaners, anders as dié in die Republieke, het geleef onder 'n staatkundige stelsel wat nie hul eie skepping was nie en waarop hul geen eie stempel kon afdruk nie. Dit is daarom geen wonder nie dat hulle hul – met uitsondering van die stemregkwessie – weinig uitgelaat het oor staatsregtelike sake. Nietemin het hulle ook hier kennis gemaak met die leer dat die parlement soewerein is, 'n beginsel wat in die Britse Westministerstelsel ingebed is.

'n Mens kan aanvaar dat die Kaapse Afrikaners in dié opsig min of meer dieselfde neiging as hul volksgenote in die Noorde gehad het. Maar die Britte had 'n lang en demokratiese tradisie agter die rug, met 'n gedissiplineerde ingesteldheid wat hulle hul vrywillig aan 'n ongeskrewe grondwet laat hou het. Met die beperking wat die Britse gees in die Kolonie op die politiek uitgeoefen het, is die leer van die soewereiniteit van die parlement dus nooit soos in die Noorde misbruik nie.

---

76. *Ibid*., p. 312.

77. J.H. HOFMEYR, *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)* (Van de Sandt De Villiers, Kaapstad, 1913), pp. 341-342; T.R.H. DAVENPORT, *The Afrikaner Bond: the history of a South African political party 1880-1911,* p. 119.

78. G.D. SCHOLTZ *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, IV, p. 317.

## Gevolgtrekking

Feit is dus dat die Afrikaners in die twintigste eeu op drie verskillende staatsregtelike tradisies kon steun: een waar die leer van parlementêre soewereiniteit in die tydperke tussen verkiesings feitlik op ’n parlementêre diktatuur neergekom het (Transvaal), een waar die parlementêre soewereiniteit binne perke gebly het (die Kaapkolonie), en een waar die grondwet – nogal met ’n embrionale akte van menseregte – die hoogste gesag was en waar die parlement dus bloot die hoogste *wetgewende* gesag was, niks meer nie (die Vrystaat). In dié geval het die Transvaalse tradisie in die loop van die twintigste eeu aansluiting by die Kaapse tradisie gesoek en mettertyd die oorhand oor die Vrystaatse tradisie gekry. Dié proses is uiteraard vergemaklik deur die feit dat Transvaal en Kaapland politiek en ekonomies aansienlik sterker as die Vrystaat was, en dat laasgenoemde se politieke en staatsregtelike invloed dus nie teen dié van die ander twee kon standhou nie.

Dit wil verder lyk of die negentiende-eeuse patriargale tradisie reeds in die laaste dekade of twee van dié eeu in die Republieke in die proses was om ’n oorwinning oor die anargistiese pionierstradisie en die liberaal-demokratiese invloed van die Verligting te behaal. Die wyse waarop die twee Volksrade hul magte jaloers beskerm en voortdurend probeer uitbrei het, en die wyse waarop hulle in die praktyk op volmagte tussen verkiesings aanspraak gemaak het, is ’n duidelike bewys daarvan. Ná 1902 het dit aansluiting gevind by nuwe denke wat deur die drasties veranderde historiese omstandighede teweeg gebring is.

In die volgende aflewering word ingegaan op die Afrikaners se denke tot 1948.


## Abstract

## The Afrikaner and democracy I

This is the first of two articles in which the authors try to establish at least part of the reasons why the Afrikaners, with their strong democratic antecedents of the nineteenth century, became the perpetrators of undemocratic practices after 1948. The pioneer circumstances of the nineteenth century and the regard for patriarchs produced the possibility of both a democratic and an authoritarian development. Calvinism as a source of Afrikaner political thought is largely discarded by the authors, but the Enlightenment played a significant role in the nineteenth-century political theory. However, it appears that the patriarchal tradition won from the pioneer situation and the Enlightenment, as the legislatives of the two Boer republics jealously protected their powers and claimed full and unfettered powers inbetween elections.